



Ons Kosblikkie Projek in Hennenman se Fondse raak nou onrusbarend min!

So, hierdie maand gaan ek die touleier aanwend vir fondsinsameling en volgende maand sal ek weer verder vertel van Suid Korea. Goed so?

Ons maak die hele storie sommer 'n lekker pret een. Ek het gedink ons skryf 'n eenvoudige wedstryd uit waar ons lesers vir ons 'n beter naam uitdink vir my nuwe skepping.

Sien, ek het mos besluit om my eie sketsprent te teken en ek noem hom solank:

Sonde met die Bure!

Ek was maar nog altyd katvoet vir kopiereg wanneer ek stories en spotprentjies vanuit onbekende bronne ontvang. Nou het ek die kans om van die grappies uit te beeld in ons eie formaat

Hier onder is my eerste probeerslag en al wat jy moet doen is om vir ons 'n beter naam uit te dink.

WEN N VAKANSIE!!

As prysgeld kan jy en 'n maat of vyf, gaan vakansie hou vir paar dae in een van die tyddeel oorde van Holiday Klub waarin ek punte besit.

Al wat jy hoef te doen is:

1. Stuur vir my 'n nuwe naam vir die spotprentjie.
2. Daarmee saam, EFT 'n donasie van R40 of meer. Ek plaas dit in die Hennenman Kosblikkie Fonds en R20 van elke skenking gaan ek aanwend vir die al stygende bedryfskoste van Kammanuus.

Stuur sommer gou 'n epos aan hennie.greeff@gmail.com met die opskrif: **Spotprent** en gee die ding 'n beter naam!

Doen jou EFT na:

FNB Hermanus,

Hennie Greeff

Tjek Rekening nommer: 53791940655

Tak Kode: 200 412

Die Sluitingsdatum is oor 'n paar maande op my verjaarsdag.

Jy kan natuurlik ook altyd net 'n voorstel instuur sonder om aan die wedstryd deel te neem!

Groete en sit daai skeppende idees aan die rol!

Hennie





Uit die Taalskatkis..

C.J. Langenhoven gesegdes

Jou kind kan sy geleerdheid nog by die skool agterlaat sy opvoeding sal hom vergesel tot in die graf.



Gedra jou net so sindelik onder jou eie mense as by vreemde. Jy het hulle respek langer nodig.



Soos 'n skeermes in die hand van 'n aap so is geleerdheid in die kop van 'n dwaas.



Draai jou verkyker om om jou buurman se fout waar te neem, en hy sal van die ander kant af daardeur kyk en jou deugde vergroot sien



Die wakis

**ken jy hierdie woorde:
naaf optjoeke katoeter**



Die Israelies praat van 'n dahlia, die Engelse van 'n roos, ons van 'n aster, wat is dit?

Antwoorde: bladsy 7

Nat en Sap - AG Visser (en hierdie Nat en Sap het niks met politiek te doen gehad nie...)

Toe Noag strand teen Ararat,

Die Ark begin in puin raak,

Toe sê hy: 'Aarde, maar dis nat!

Nou kan 'n mens weer tuin maak!

Het ek nie met die Ark geswoeg,

Was ons ook in die pekel.

Aan water het ek nou genoeg ...

'n Lewenslange hekel.

Kom, Sem en Gammie, maak nou gou

Vir Pa mooi reguit slootjies;

En Jaaf, my kind, kom plant jy nou


Vir Pa die wingerdlootjies.'

Die kromhout groei, en Noag skink

Sy sap 'n bietjie later:


Daarin is sedert meer verdrink

As in die Vloed se water!



BAKKIESBOEK BAKKERASIES

(Vinniges uit vuisboek)



STUUR VIR ONS JOU
EIE JUWEELTJIES WAT
JY DALK AL TEËGEKOM
UIT JOU BAKKIESBOEK
LEWE!
hennie.greeff@gmail.com

Retrospek- Quintin du Plooy (Jarelange leser van Kammanuus)

Sien jy soms nog die daeraad
wanneer die son ontsnap van sy swart kombers
en sy Josefskleed afgooi
om in die poeierblou deur vlieswolke te roei
hoor jy nog die ryp onder jou sole knars
en voel jy die winterprik op skurwe vel
proe jy nog die laaste laatvy wat jy weggryp
voor die muisvoëls se kwetterontbyt.
sit jy nog stil, asemstom
om te hoor hoe 'n herfsblaar val
kniel jy nog soms om die geur
van klein pers magrietjies bakhand
na-aan die grond te vang
en ervaar jy nog hoe ontsaglik vér
'n mens dan kan sien
met jou knieë op die sand
wys jy nog vir dié na-aan jou jou sagtekant.
name en gesigte het met tyd verdwyn
in swart gleuwe waar geheue sypelkwyn
maar soms sien ek jou nog helder soos dag
ek hoor jou uitgelate lag
en ek verlang na ons na-aan-die-gronddae
en ek wonder soms – nee, meer dikwels as soms
waar ons verdwaal het, waar jy mag wees
of jy nog die horison ongehinderd kan betrag
of jou oë soms nog soek na die begin van 'n dag?

Quintin se bundel, "Horisonne", is nou beskikbaar. Diegene wat belangstel, kan hom per 'chat'-inkassie op bakkiesboek kontak, of 'n SMS of Whatsapp-boodskap stuur aan 0834509484.

Die koste is R160, posgeld in Suid-Afrika ingesluit, maar as jy in Pretoria woon, sal hy met graagte dit persoonlik aflewer. Die koste sal dan R130 per boek wees.

Giggels

'n Doktor praat by 'n groot byeenkoms by 'n universiteit oor die nadelige uitwerking van sekere kossoorte. Hy noem dat baie van die goed wat ons maag ingaan moes ons al jare gelede doodgemaak het.

Hy sê ook vleis het steroïdes en kleurstof in,
koeldrank verteer 'n mens se maagwand,
Sjinese kos is gelaai met MSG,
Transvette is ongelooflik gevaarlik,
En langtermyn skade word aangerig deur die
kieme in drinkwater.



Maar, sê se hy, die gevaarlikste ding wat die meeste van ons hier al geëet het of eendag gaan eet, is nog nie genoem nie.

Dit veroorsaak jare se pyn en lyding nadat dit geëet is.

"Is daar enige iemand wat my kan sê wat is die vreeslike ding?"

Na 'n hele paar sekondes se stilte steek 'n oom van so 70 in die voorste ry sy hand op en sê saggies, "Troukoek"

**WANNEER JOU VOET SLAAP
EN JY PROBEER LOOP**



**Al opgelet hoe alle
Instrumente wat na
Intelligente Wesens Soek...**



**Net op die Buitenste
Ruimte Gerig is?**



Ons Wonderlike Werêld



driekleur paddatjies



Netvormige glaspadda smelt saam met die blaar.



Die goue renoster van Mpanguwe bewys Suid-Afrikaners gee al baie lank om vir die gedoente met die horing op die neus. Hy is simbolies van die 13de eeuse konings in die noordelike Limpopo provinsie en Suid-Wes Zimbabwe en Suid-Oos Botswana.

Daar is toe al handel gedryf met mense in die Midde-Ooste, Indië, Suid-oos Asië en selfs China.



Die goue renoster van Mpanguwe, ontdek in 1930. Natal Museum.

Min sou hulle seker vermoed het, dit is eintlik die nogal onaansienlike horing, wat vandag sy gewig in goud werd is.

BOEMERANG BOERTJIE

Ray Theron skryf van daar doer onder

Goggas en Babas



Nou die dag skryf 'n mens in Bakkiesboek dat sy graag Onderkantland sou wou besoek, maar dat sy bang is vir al die gediertes wat die land so lewensgevaarlik maak! Dis genoeg om 'n mens aapstuipe te gee, dié alewige geteem oor hoe gevaarlik dié land kastig is. Ek het 'n teorie waarom dit so is, maar dit later.

Daar is giftige slange hier, ja. Maar net sowat twee mense per jaar sterf hier van slangbyte, vergeleke met die ongeveer 12 per jaar in Suider-Afrika. In die amper negentien jaar wat ek nou al hier is, het ek nog g'n enkele slang buite 'n slangpark of dieretuin gesien nie, en ek was al baie dikwels in die veld! In Suid-Afrika, daarenteen, het ek in my eerste negentien jaar seker maklik tien maal op slange afgekom, soms in dorpe! Ek was ses toe 'n pofadder my gepik het (kyk waar jy trap as jy in die veld is!) en die volgende jaar het ek 'n groen mamba buite ons kombuis op die plaas met 'n baksteen bokveld toe gestuur.

Hier is geen skerpioene nie, geen leeus, luiperds, hiënas, buffels, renosters, seekoeie, tsetsevlies, en geen olifante nie. Die spinnekoppies waaroor die Oslanders so te kere gaan, is g'n niks gevaarliker as dié in die meeste ander lande nie. In die hele tyd wat ek nou al hier woon, het ek net twee keer op spinnekoppe afgekom wat 'n mens lief wil vermy.

En tog is ek, kort ná my aankoms hier, gewaarsku dat my lewe amper daagliks in gevaar sou wees. Bog, twak, snert en onsin!

Nou vir my teorie: kyk, as jy ander kan oortuig dat jy in die gevaarlikste land ter wêreld lewe, kan jy mos verwag mense sou jou as buitengewoon dapper beskou. As jy mense die skrik op die lyf jaag met al die gevare wat daagliks dreig om jou draadjie te knip, sal hulle mos dink jy het die moed van 'n Wolraad Woltemade... al is jy in der waarheid bang vir jou eie asem!

Hierdie amper patologiese behoefte om die wêreld van jou onverskrokkenheid, jou heldemoed en jou bewonderenswaardige vermoë om daagliks die dood in die oë te staar, te oortuig, stam tog uit 'n diep-gesetelde gevoel van minderwaardigheid. 'n Mens kom dit orals teë waar 'n Walter Mitty-kompleks mense beetgepak het. Dié gevoel van minderwaardigheid is natuurlik so diep versteek dat jy self salig onbewus daarvan is, maar buitestaanders sien dit raak.

'n Professor verbonde aan die Universiteit van Melbourne het jare gelede die hele land se moere seer erg gepluk toe hy presies dit gesê het! Jy hoef nie 'n sielkundige te wees om dit raak te sien in die ophemeling van soldate wat in oorloë waarin die land se eie belange nie direk in gevaar was nie, gesneuwel het. As daar 'n gehuggie met tien siele hier is, is daar 'n oorlog gedenkteken. Veral hul aandeel in die Boere-oorlog word hier opgehemel. Dit is nog 'n geval van "kyk, hier is ek, ek is ook belangrik, al woon ek op die randjie van die beskawing!"

Nee, magtag, mens, as jy moet trompetter hoe belangrik jy dink jy is, is jou nulletjie op die kontrak bitter klein.

*

woorde: naaf (middelstuk van die wiel), optjoeke (versier), katoeter (toestelletjie), Die Israelies praat van 'n dahlia, die Engelse van 'n roos, ons van 'n aster, wat is dit? (meisie)

Dokters en hul grappies

Dr. Franna Malherbe

XAT.COM



Dr. Roy Allen, 'n narkotiseur, help weekliks met 'n tandetreklys by die staat se Hoopstraat Tandheelkundige Kliniek in Tuine, Kaapstad. Hoewel die diens feitlik gratis is en bedoel is vir behoeftige pasiënte, word elke persoon gevra om tien rand saam te bring vir die kort narkose.

Toe dr. Allen op 'n dag 'n loslit jong man se mou oprol vir die inspuiting, ontdek hy 'n tienrandnoot vasgeplak by die elmboog waar hy die naald moet insteek.

“Daa's hy, nou moet dji 'n goeie job maak, ho!” kom dit van die pasiënt.

Briewebus:

Skryf gerus as jy iets op die hart het



Naand Hennie,

Rebellie: Wil graag so 'n brokkie van die Rebellie met jou deel.



Die leier van die rebelle in die Kakamas omgewing was Kmdt Albert Stadler. Hy was getroud met my vrou se ouma - haar moeder was een van hul dogters. Ons het gedurende Maart 2021 op pad na die Augrabiese Valle, die begraafplaas in Kakamas besoek waar daar 'n gedenksteen vir hom opgerig is tydens sy herbegrafnis 25 Jan 1936. Hy was aanvanklik van agter deur soldate van Genl Botha dodelik gewond tydens die skermutseling in die Upington omgewing. Dit het gedurende 25 Januarie 1915 plaasgevind.

Jou Kammanuus lees ek al lank en geniet dit oor 'n honderd. Maar ek kry dit met n draai van iemand wat dit aanstuur nadat dit aan hom aangestuurd was. Hoe gemaak om op jul poslys te kom?

Groete

Isak

Dankie vir die laat weet Isak! Ek sukkel nou al jare om mense te vra om na vore te kom en hul eie Kammanuus te ontvang.

Ai tog julle, daar is nog soveel van julle wat die Kammanuus van iemand anders af kry. Hoewel dit inderdaad 'n pluimpie is, wil ek tog baie mooi vra dat julle liever self moet inskryf sodat ons darem weet wie en waar ons kammalenders almal is! Jy kan binnekort na onsdorp.com toe gaan en sommer daar inskryf. Maak sommer gou so! Jy hoef nou nie meer langer Kammanuus skelmpies te lees nie, skryf in en skryf vir ons oor jou dinge wat spring. Hennie



Ons lees gereeld Kammanuus hier in New Zealand - die Kiwi's het 'n humorsin van hul eie, maar hulle kom nie naby ons Afrikaanse outjies nie.

Dankie vir Kammanuus, ons waardeer julle harde werk.

Groete

Stephen

Tauranga NZ

EERSTE WÊRELD- OORLOG VERHALE

deur Reinderd Visser



Klokkespel – 'n Vreemde Oorlogsgedenkteken

“Beiaard” en “beiaardier” is nie woorde wat mens elke dag hoor nie. Dit het my trouens 'n besoek aan België en die stad Mechelen gekos om agter die lui van hierdie klokke te kom. Ja, hierdie groot woorde het met klokkespel te doen, maar anders as waaraan ons in Suid-Afrika gewoond is. 'n Beiaard is 'n musiekinstrument in 'n toring (van 'n kerk of andersins) wat bestaan uit 'n stel gegote klokke van verskillende groottes (wat tot 4 oktawe kan speel), met kables gekoppel aan 'n toestel wat byna soos klavier lyk. Die beiaardier of klokkespeler is die persoon wat hierdie “klavier” se houtklawers en voetpedale slaan en trap om so musiek te maak. 'n Gas van 'n vorige reis (ek is toergids vir 'n Belgiese maatskappy) het my na sy tuisstad genooi en daarmee gespog dat Mechelen dié stad van beiaards en beiaardiers is. Ek moes uiteindelik honderde trappe in die toring van die bekende Sint Rombouts katedraal uitklim om my eerste beiaard van naby te kon sien, maar dit was die moeite werd!

Die vraag is natuurlik, wat het dit alles met die Eerste Wêreldoorlog te make? Veel meer as wat ek besef het, moes ek uitvind. Dieselfde gas vra my toe mos of Suid-Afrika ook 'n beiaard het. Ek moes “beiaard suid-afrika” op internet intik om te ontdek dat ons wel een het – in die pragtige stadshuis se toring in Kaapstad! En daardie beiaard het 'n direkte verbintenis met die Eerste Wêreldoorlog.

Binne dae na die aanvang van die wapenstilstand op 11 November 1918 het die burgermeester van Kaapstad se vrou, mevrou Anna Thorne, besluit dat die vroue van Kaapstad iets moes nalaat om die Suid-Afrikaanse soldate wat in die oorlog geveg en die ongeveer 12 500 wat gesterf het, te onthou. Haar keuse het op 'n beiaard in die Kaapse stadsaal se toring geval en moes dien as 'n Oorlogsgedenkteken. Dit is op 30 April 1925, met die besoek van die Prins van Wallis aan Kaapstad, ingewy. (Hy was later die omstrede Koning Edward VIII wat met die Amerikaner Wallace Simpson getrou en sy koningskap prysgegee het.) Die beiaardier met die inwyding was Anton Brees van Antwerpen in België en die eerste Suid-Afrikaanse beiaardier was Jan Luyt, vanaf 1927 tot 1955. Ek mag verkeerd wees maar as ek dit reg verstaan het die beiaard in 2010 laas sy volle klokkespel oor Kaapstad uitbasuin.

Die beiaard bestaan uit 39 brons klokke en strek oor 3 oktawe. Die swaarste klok weeg 2.4 ton en die ligste ongeveer 7kg. Totale gewig? Ongeveer 18 ton! Met die bou van die stadsaal in 1905 is die eerste 5 klokke geïnstalleer. Die interessantheid lê egter in die ander 34 klokke wat bygevoeg is om die volledige beiaard te vorm. Elke klok het 'n individuele inskripsie wat verband hou met die 1e Wêreld-oorlog (behalwe die grootste een, wat Cecil John Rhodes se naam op het). Dit wissel van name van leiers (bv. Genls. Jan Smuts en Louis Botha); lande of gebiede waar ons soldate geveg het (bv. East-Africa, Egypt, Palestine); veldslae (bv. Delville Wood in Frankryk en Menin Road in België). Interessant, die klok waarop PALESTINE staan word spesifiek aan die SA Kaapse Korps toegewy. Anders as swart soldate wat nie toegelaat is om wapens te dra nie, het die bruin soldate van hierdie eenheid aktief aan veldslae in Oos-Afrika en Palestina deelgeneem. Die klokke vertel inderdaad die verhaal van Suid-Afrika se rol in die 1e Wêreldoorlog en is daarom verseker 'n belangrike gedenkteken, al is dit nie toeganklik vir die algemene publiek nie.

Kaapstad-Beiaard

Ek het iemand ontmoet wat die voorreg gehad het om op die beiaard in Kaapstad te kon speel. Hy het genoem dat dit fisies uitmergelend is om so 'n beiaarde stelsel te bespeel! Ek sal dit glo, om die klepel wat 'n klok van meer as 2 ton moet slaan te beweeg het jy beslis baie krag en energie nodig! En daar is 39 om te slaan of trap om 'n wysie te speel. Gaan kyk en luister gerus hier as jy 'n beiaardier in aksie wil sien: <http://www.youtube.com/watch?v=ee54ihDZVbU>

Agteros- geen kamera nodig nie

Bosveldlied



Ek sal vir jou gee:
 Sneeuwit skuim van die treurende see,
 Wit en donserig soos wilde katoen,
 Wie se spierbleek bolle die bos versier
 Met 'n skyn op die kelke soos perlemoen,
 En pikswart saad soos 'n swart saffier,
 Fyn soos vlokkies van dun kapok
 Wat die wegskuif-gees van die winde lok,
 Asof hulle fluister: 'Kom, abba ons voort,
 Hoog oor die struikgewas, deur die poort,
 Anderkant toe waar die son nog skyn
 En die kranse kleur met die kleur van wyn!' -
 Wit soos die witste marmerkalk,
 Suiwerder wit as die veredrag
 Onder die vlerk van die spikkel-valk,
 Ek sal vir jou gee: 
 Tinte en kleure van stryd en vree -
 Purper wat blink in die kelkiewyn -
 Bontste rooi van die bloed-robyn,
 Rooi soos die rooi van die oorlogster
 Wat sonder 'n skitter daar myle ver
 Staar kyk op die wêreld hier!
 Geel sal ek gee, en gevlekte goud
 Van gousblomme geil wat my kroon versier,
 En boonop kleure 'n honderdvoud:
 Geilste nuut-bobbejaantjie-blou,
 Glinster-groen van die mannetjiepou,
 Ja, die sewe reënboogkleure-prag,
 En die diep seewater se spog-smarag!
 Verlang jy nog meer?
 Die donker-swart van die dreigende weer -
 Die bliksemstraal se blink - die breek
 Van 'n klomp reënwolke deur lig gestee -
 Die pers en die perlemoen-pronk van die son
 Met sy eerste straal teen die grys plafon
 Op 'n somermôre, van oor die rant
 Van die hoogste punt in die Bosveldland -
 Die groen van die nag in sy skemerprag -
 Die vlamme van die komende dag -
 Die glorie-rooi as die son gaan daal
 Agter my vlaktes, dor en kaal,
 Wat wisselende, kleur-akkoorde gee -
 Dit alles en meer sal ek vir jou gee!

C. Louis Leipoldt

KAMMANUUS VERSKYN WEER VOLGENDE MAAND